View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by AJOL - African Journals Online

(Uitgewers: G. F. Callenbach-Nijkerk.)

Hierdie boek verskyn in die serie: *De Prediking van het Nieuwe Testament*. Dis uit die pen van die bekwame Dr. E. L. Smelik. Dis 'n skitterende kommentaar oor „Die Heilige Evangelie volgens Johannes." In hierdie tweede herdruk, is daar 'n opmerklike verskil met die eerste uitgawe. Toevoegings en wysigings is aangebring. Vergelyk self hoofstukke 14, 15, 16, en 17.

Die geïnteresseerde in die verskillende eksegetiese opvattings sal nie in hierdie werk bevrediging vind nie. Sake soos die outeurskap, die tyd

van die ontstaan, die verhouding tot die sinoptici, tot Paulus en die apostoliese vaders, vind ons nie hierin behandel nie. Ook die kultuuragtergronde is sekondêr.

„Die Heilige Evangelie volgens Johannes" bly nogsteeds soos altyd wat die historiese, literêre, godsdienshistoriese en teologiese aspekte betref, 'n raaisel. Die bedoeling van hierdie kommentaar was egter om die persoonlike ontmoeting met die Bybelse Boodskap te bevorder. En elkeen wat die ryke inhoud soos die skrywer wil bestudeer, ontdek met 'n verrassing dat „Het Heilige Evangelie naar Johannes" die hoofweg van die Woord is waaruit die ander weë van die kerk ontspring.

As 'n mens daarmee besig is, tree jy in 'n gesprek met die Evangelie.

L. M. LE ROUX,
Pretoria.